



191. T. 6 (14) A E
H. B. Th.

Verw./Ref. No.

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme } "Adviesraad"
Telegrams }
Telefoon } 3-3114
Telephone } 3-3117

Privaatsak } X298
Private Bag }

PRETORIA

Dank vir verskeie

*Gelnkw. - adm. v. Kleurlingsake - Ondewys - dat ek kan deelneem.
Driejaarlikse Insp. - konf. - sentel geleentheid opv. in n
Ons gebied - t'n ondewys - Griekse spreuk - Sieraad in
my ondewys. - voorspoed;
Kyk ook Eng. - foundations. - loerling in
teenspoed.*

DIE WETENSKAPLIKE EN OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAE
VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Deur Prof. H.B. Thom

Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad

*Emphasis on educ.,
esp. diff. educ.
Good-natured
humour. Great
Wylde (rogues)
Mark Twain
(Schooling
interferes
with educ.)
Re Conference:
questions
welcome*

(Referaat gelewer by geleentheid van die Driejaarlikse
Inspekteurskonferensie van die Administrasie van
Kleurlingsake, Sinodesaal van die N.G. Kerk, Kaapstad,
24 Junie 1974, om 11 vm.)

Die stelsel van gedifferensieerde onderwys, wat in die jongste

paar jaar in ons land so prominent onder die aandag gekom het, verteenwoordig 'n omvattende, komplekse onderwysteorie en -praktyk, waaraan 'n hele aantal persone en instansies aandag bestee het. Benewens amptenare en liggame van die Departement van Nasionale Opvoeding en van die Departemente van Onderwys van die Provinsies, het die Nasionale Onderwysraad - en ook sy onmiddellike voorganger, die Nasionale Adviserende Onderwysraad - intensiewe studie hieraan gewy. *Verw. ook R.G.N.* Die Nasionale Onderwysraad het in die tweede helfte van 1970 'n uitvoerige advies deurgestuur aan Sy Ed. die Minister van Nasionale Opvoeding, wat, nadat hy die nodige oorlegpleging hieroor uitgevoer het, in die Staatskoerant van 12 November 1971 'n aankondiging gedoen het waarvolgens hy, kragtens bevoegdheid aan hom verleen by artikel 2(1) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), die algemene beleid bepaal het wat met ingang 1 Januarie 1972 ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word.

Hiermee is die hoofaspekte van gedifferensieerde onderwys vir ons land neergelê en het in werklikheid 'n nuwe tydperk in ons onderwys aangebreek.

Ek het gesê dat gedifferensieerde onderwys 'n omvattende, komplekse teorie en praktyk verteenwoordig. By die bespreking daarvan loop 'n mens gevaar om in tal van besonderhede te verval, sodat die hoofsaaklik maklik op die agtergrond kan geraak. Selfs wanneer net één aspek daarvan behandel word - soos nou die grondslae of fundamente waarop die stelsel gebou is - is hierdie gevaar groot. Die grondslae bring ons egter by die kern van die hele stelsel, en daarom is dit noodsaaklik dat ons die hoofsaaklik duidelik sal sien. Ek wil aanneem dat die begrip van gedifferensieerde onderwys as sodanig bekend genoeg is, sodat dit nie nodig sal wees om eers die begrip te presiseer nie.

2.
Onder die grondslae stel ons eers en veral die fundamentele gedagte dat gedifferensieerde onderwys die leerling self as uitgangspunt het en dus van 'n persoonlike aard is. Dit sien die leerling as 'n individu, en hou rekening met die feit dat daar van leerling tot leerling verskille bestaan, soms radikale verskille, en dat per slot van rekening geen twee leerlinge dieselfde is nie. Dit trag om vir elke leerling dié tipe van onderwys te voorsien wat in sy eie besondere geval die beste resultate sal lewer.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing sê in sy verslag oor gedifferensieerde onderwys en voorligting dat die kwalitatiewe ongelykheid onder leerlinge daarop dui „dat die een kind kragtens sy individuele andersheid in staat sal wees om te kan vermag wat 'n ander nie kan nie of slegs gedeeltelik sal kan beheers. Dit spreek vanself dat 'n staat noodwendig in die onderwys wat hy bied, vir hierdie ongelykheid voorsiening behoort te maak sodat elke kind tot maksimale ontplooiing sal kan kom".^x

3/.....

^x R.G.N., Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting ens. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing), Deel I (1970), p.122.

Ten gevolge van die persoonlike karakter van gedifferensieerde onderwys word daar met 'n verskeidenheid van diepere, persoonlike eienskappe van die leerling rekening gehou. Sy skoolgereedheid word met sorg bepaal sodat hy op 'n stadium na die skool sal gaan wanneer hy met die meeste vrug in die skoolsituasie onderwys en opvoeding kan ontvang. Sy intelligensie, veral soos dit deur sy IK geopenbaar word, word in aanmerking geneem, met die oog daarop dat sy onderwys aan die een kant nie te vinnig en veeleisend sal wees, en hy dus agterbly en mismoedig word nie; en aan die ander kant weer nie te stadig en sonder uitdaging sal wees, en hy dus sy ywer verloor en gefrustreerd voel nie.

Dit is ook 'n vereiste dat die onderwys in ooreenstemming sal wees met die belangstelling, aanleg en bekwaamheid van die leerling. Hier het ons 'n uiters belangrike punt, aangesien onderwys die beste slaag as dit gegee word in 'n rigting waarvoor die betrokke leerling belangstelling en bekwaamheid besit. Aldus kan voorkom word dat die onderwys 'n soort van wrewelwekkende euwel word, wat die leerling onder geestelike dwang maar aanvaar, sonder dat hy behae daarin vind en tot eie bevrediging vordering maak.

Die persoonlike karakter van gedifferensieerde onderwys bring ook mee dat daar in die breë, maar tog baie definitief, tussen studierigtinge vir seuns en dogters onderskei word. Daar is wel rigtinge wat vir albei geslagte eweseer geskik is, soos tale, geesteswetenskappe en kuns, maar daar is ook rigtinge wat meer spesifiek die terrein van die dogter is, soos huishoudkunde en sekere gesondheidshulpdienste, en ander wat meer spesifiek die terrein van die seun is, soos ingenieurswese en landbou. Aan albei kante moet ruim voorsiening gemaak word sodat die intelligensie, belangstelling en bekwaamheid van albei geslagte geskikte velde vir aktiwiteit vind, en die potensiaal van albei geslagte na behore gerealiseer word.

— Dogter baie belangrik — Mc Ivier; Educ a man; Educate a woman.

Om 'n indruk te kry van die voorsiening wat gevisualiseer word, kan

ons let op die verskeidenheid van studierigtings wat die Minister in sy aangehaalde aankondiging in die Staatskoerant genoem het. Volgens paragraaf 12 hiervan sal in die senior sekondêre skoolfase die volgende aangebied word:

- „(a) Tegniese studierigting;
- (b) handelstudierigting;
- (c) landboustudierigting;
- (d) natuurwetenskaplike studierigting;
- (e) geesteswetenskaplike studierigting;
- (f) kunsstudierigting (met inbegrip van musiek, drama, ballet en beeldende kuns);
- (g) huishoudkundestudierigting;
- (h) algemene studierigting; en
- (i) ten opsigte van die leerlinge in die voorbehoudsbepaling by paragraaf 11(c) bedoel; ^x 'n praktiese studierigting."

Met so 'n verskeidenheid word daar ongetwyfeld genoegsame voorsiening gemaak vir die redelike studiebehoefte van elke seun of dogter.

Ofskoon die verskillende studierigtinge deur die Minister genoem word, spreek dit natuurlik vanself dat ál hierdie rigtinge nie aan alle skole aangebied sal kan word nie. Trouens, daar sal baie min skole wees - indien enige! - wat al die rigtinge sal kan aanbied. Dit sou inderwaarheid 'n baie groot skool moet wees, 'n skool met 'n geweldige personeel en geweldige fasiliteite aan geboue en toerusting, as hy al die rigtinge wil aanbied. Vir die doeleindes van gedifferensieerde onderwys is dit egter heeltemal in

5/.....

^x Die betrokke voorbehoudsbepaling lui: „Met dien verstande dat aan 'n leerling wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onderwys verskaf word, kan trek nie, 'n meer praktiese leerplan as die ander gedifferensieerde leerplanne, waarin 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gedifferensieerde leerplanne verskaf word, aangebied word".

orde as 'n skool slegs 'n paar van die rigtinge aanbied, of selfs ook maar één daarvan. Indien daar vir 'n leerling in die skool in sy eie omgewing nie die nodige voorsiening bestaan nie, moet hy na 'n skool gaan waar dit wel bestaan, al is dit ook ver verwyderd en al moet hy van owerheidsweë finansiële hulp ontvang.

3.

Naas die persoonlike grondslag is daar die nasionale grondslag. Die stelsel is gebou nie net op die dieper, persoonlike eienskappe van jongmense nie, maar ook op die wesenlike behoeftes van die land. As dit nie só was nie, sou gedifferensieerde onderwys bloot 'n interessante teorie wees wat in die praktyk miskien 'n beperkte mate van sukses het, maar nie in die nasionale belange van ons land en sy mense ingewef is nie.

As daar, nadat duidelikheid verkry is wat betref die persoonlike eienskappe van leerlinge, oor hulle studierigtinge besluit kan word, moet in gedagte gehou word in welke rigtinge die land aan opgeleide jongmense behoefte het. Dit tref 'n mens dat in die Staatskoerantaankondiging van die Minister, asook in die betrokke stukke van die Nasionale Onderwysraad en baie ander stukke wat oor hierdie aangeleentheid handel, dié twee punte, t.w. persoonlike eienskappe van leerlinge en behoeftes van die land, onmiddellik aan mekaar gekoppel word. 'n Mens kan dit verstaan: dit sou immers verkeerd wees om bv. groot getalle leerlinge in 'n kunsstudierigting op te lei as daar nie 'n behoefte aan sodanige getalle bestaan nie, of groot getalle in 'n handelstudierigting as ook in hierdie rigting die behoefte nie bestaan nie. Indien dit sou gebeur, sou dit net meebring dat baie jongmense vir 'n lewe van frustrasie en teleurstelling voorberei word. Vandaar dat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in sy reeds genoemde verslag dan ook verklaar „dat die onderwys en die mannekragbehoefte gekoördineer moet word om met die ekonomiese ontwikkelingsprogram te kan tred hou".^x

6/.....

^x p.3. Die verslag maak hierdie stelling met verwysing na oorsese lande, maar dit geld eweseer van Suid-Afrika; en later word dieselfde punt inderdaad in besonderhede ten aansien van Suid-Afrika uitgewerk (pp. 210-211).

Om die behoeftes van die land bevredigend te bepaal, moet 'n mens oor betroubare statistieke beskik. Die statistieke moet albei geslagte in verskillende ouderdomsgroepe dek, en veral ook die getalle in beroepe en ambagte. Gepaardgaande hiermee moet daar inligting wees oor vakatures in beroepe en ambagte, wat beteken dat aktiewe medewerking deur staats- en privaatsektor gegee moet word.

Dit is nie genoeg om statistieke net vir 'n gegewe tyd of bepaalde jaar te hê nie. Die samelewing - veral in 'n jong land soos ons eie - is dinamies en verander betreklik vinnig: in 'n bepaalde tyd kan daar 'n behoefte aan jongmense in sekere rigtinge wees, maar omstandighede verander en die klem van behoeftes verskuiwe, of daar kom nuwe behoeftes wat miskien selfs nuwe beroepe laat ontstaan. Hieruit volg dat as statistieke werklik sinvol en waardevol moet wees, dit voortdurend en onbepaald bygehou moet word.

Dit is ook nie voldoende om net by die versameling en byhou van statistieke te bly nie. In die beplanning van gedifferensieerde onderwys met die oog op die belang van die land as geheel, is dit noodsaaklik dat daar op grond van statistieke oor reekse van jare projeksies gemaak word. Projeksies vir tydperke van bv. drie of vyf of tien jaar, help ons om die onderwys van jong mense toe te spits op dié rigtinge wat in die afsienbare toekoms die aktueelste sal wees.

Dit is duidelik dat die persoonlike en die nasionale grondslae nie in afsondering gesien kan word nie: hulle kan in ons behandeling wel van mekaar onderskei word, maar in die praktyk kan hulle nie van mekaar geskei word nie. Dit is denkbaar dat gevalle kan voorkom waar die persoonlike en die nasionale nie gekorreleer kan word nie, maar die stelsel van gedifferensieerde onderwys as sodanig word hierdeur nie wesenlik beïnvloed nie. Ons kom later weer hierop terug.

Nog 'n fondamentsteen wat seker van eweveel belang is as die twee

genoemdes, is voorligting: die sukses van gedifferensieerde onderwys is in werklikheid regstreeks afhanklik van insigryke, doeltreffende voorligting. Daar is geen ander middel om te verkry dat leerlinge in ooreenstemming met hulle geestelike kwaliteite en die behoeftes van die land onderwys sal ontvang as 'n gesonde stelsel van voorligting nie. Dit moet omvattend, volgehoue en deskundig wees: dit moet aan al die relevante punte rakende die leerling en die land aandag wy; dit moet met toewyding voortdurend voortgesit word, en dit moet deur goed onderlegde kragte verskaf word.

Hierdie voorligting moet in - of direk in verband met - die skool gegee word, en nie in isolasie asof dit iets is wat los staan van die ander opvoedkundige aktiwiteite van die skool nie; en dit moet ook nie los staan van die sielkundige, spraakterapeutiese en remediërende skoolbesoekende dienste wat deur departemente van onderwys gelewer word nie. Die ideaal is, soos die Nasionale Onderwysraad by geleentheid verklaar het, dat „'n voorligtingstelsel as geïntegreerde deel van die gedifferensieerde onderwysstelsel ontwikkel word”.

Dit is noodsaaklik dat die voorligting - soos in alle onderwys gerade is - met die wense van die ouers, en trouens met die hele huislike agtergrond van die leerling, sal rekening hou. As die voorligter hom op die hoogte hiervan stel, sal hy die leerling makliker en beter kan verstaan.

Die hele skoolpersoneel het regstreeks en onregstreeks 'n aandeel aan die voorligting, maar aangesien dit deskundig van aard is, is dit eintlik die taak van die skoolvoorligter of voorligter-onderwyser, hoe hierdie gespesialiseerde leerkrag ook al genoem mag word. In die lig van die feit dat persone wat spesiaal hiervoor opgelei is, so 'n noodsaaklike skakel in die stelsel van gedifferensieerde onderwys uitmaak, is dit vanselfsprekend dat hulle in voldoende getalle beskikbaar sal wees. Ons weet dat ons universiteite reeds heelwat van hierdie kragte lewer, maar daar bestaan kommer dat

nog te min gelewer word, en ook dat dié wat wel gelewer word, nie altyd die opleiding kry wat onderwysowerhede verlang nie.

Dit het klaarblyklik tyd geword dat ons onderwysowerhede, veral die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departemente van Onderwys van die Provinsies, met die universiteite oorleg pleeg om buite alle twyfel uit te maak watter tipe van opleiding die beste aan hulle vereistes voldoen. Die universiteite dra 'n groot verantwoordelikheid en dit is in hulle belang om te weet presies wat die onderwysowerhede, wat per slot van rekening die werkgewers van die betrokke opgeleides is, wil hê.

We referred to foundations...

5.
Another most important point regarding the foundations of differentiated education is the necessity of a comprehensive, progressive official policy for the whole country and for all sections of the population, whatever their colour or creed may be. Here we have ^{an} area where well-conceived macro-planning is imperative, and hit-or-miss mini-planning can be fatal. The signal has been given in this country, and we have made a good start: the Minister of National Education has announced the official policy and the country has accepted it.

It is, however, not the Minister himself who carries out the policy; this is done partly by the Minister's own department (the Department of National Education), partly by the Departments of Education of the Provinces, and partly by the education authorities of the departments handling Non-white affairs. It is especially in connection with the executive aspect that we have to make sure that the comprehensive character of our policy will be ^{enforced and} maintained: it is not always an easy matter for a number of bodies to carry out one accepted policy in exactly the same way, because each one has its own point of view and its own emphasis. Furthermore, we have to accept the fact that there are real differences between the different population groups, which will quite understandably give rise to different accents in the application of the policy. However, while differences in factual

implementation can be understood and accepted, the policy as such must necessarily apply to all.

This underlines once again a need with which we are all well acquainted, viz. the impelling necessity of close liaison between the authorities concerned. In the case of White education we already have the Committee of Education Heads, consisting of the Directors of Education, under the chairmanship of the Secretary of National Education; and we realise that this body is doing a great deal in furthering co-ordination. Regarding Non-white education, a certain measure of consultation is already in existence, covering both internal and external liaison, but it has become necessary that this be strengthened in a well thought ^{out} pattern for the future.

While saying that we need a strong, comprehensive policy, we do not imply that this should mean a tight, hard and fast, unchangeable policy. It should be a faithful reflection of our society: it should be dynamic as our society is dynamic; when society shows real new needs, it should provide for such needs; when society makes use of new principles and techniques, the policy must provide for these; and when society increases the demands it makes on young people, the policy should be designed to prepare young people for such demands. It should be pliable, in the best sense of the word, so that it will serve not only for a given time or given circumstances, but also for changing times and changing circumstances.

The inference should not be drawn that such a policy should readily accept and condone everything that society produces, also phenomena of a negative nature. It will have to be and remain - which applies to all sound pedagogic theory and practice - to a large extent normative: it cannot be satisfied by saying how things are; it will also and always have to say also how things should be. *Really great teacher: norma (My old prof.)* The real strength of a policy of differentiated education in South Africa lies to a great extent in the fact that it provides us with an instrument of spiritual preparedness against moral degeneration.

6.

Quite a few other points could be mentioned in connection with the foundations of our policy: e.g. differentiation in evaluation, examinations and tests; differentiation as regards gifted, normal and weaker normal pupils; differentiation in the course of school phases; and differentiation regarding certificates. It is, however, impossible to cover all these in the limited time at our disposal; and besides the crux of our subject has already been covered in the four fundamental aspects we have considered: the personal aspect, the national aspect, successful guidance and a comprehensive, dynamic policy.

7.

In conclusion a few important considerations, which must be borne in mind. Differentiated education must not be regarded as something totally new in South Africa, because we have already been building for some time on principles underlying this system. Parents, knowing their children, try to determine the fields for which their children show natural talent, ability and interest, and consult school principals and other teachers in the process; the Education Departments already provide professional guidance, although this is still on a comparatively limited scale; and State authorities, especially under the Department of National Education (formerly the Department of Higher Education and the Department of Education, Arts and Science) have for a number of years been making a study of the manpower requirements of the country, although some areas have not yet been covered properly. The Government has for a long time also been well aware of the necessity of a comprehensive policy to serve the interests of the country as a whole.

The real trouble is that we did not see and understand the policy of differentiated education clearly; and we, therefore, could not formulate it scientifically and implement it in a co-ordinated way. Although our sights were true, we worked in bits and pieces and the results were often unsatisfactory. Now we have clarity about our aims; we make use of well-trained men and women and apply scientific methods; and the Government has

accepted a well-defined policy aimed at the interests of the Republic as a whole. That which could formerly be achieved fortuitously and in a limited way, can now be realised in a calculated way and on a large scale. - In this we see the difference, and it is this difference which justifies our pronouncement, viz. that we have entered a new period in our education.

8.
It is important to note that differentiated education lays an exceptional responsibility on the shoulders of parents, pupils and teachers. After the Minister had made his announcement in the Government Gazette, I sensed with members of the public the feeling that the task of parents, pupils and teachers had now become "easier". This is a fallacy; we have good reason to say that the very opposite is true.

If parents have to consult and co-operate with others in order to select the best course for a boy or girl, it follows that they will have to ensure that they know the boy or girl well and gain his or her confidence, so that frank and honest discussion will be made possible with a view to taking the right decision. This applies also to teachers and guidance officers, and perhaps even more so seeing that parents as well as pupils look to them for advice. Wrong decisions will result in young people landing in jobs in which they are square pegs in round holes; or to disillusionment of pupils when they complete the secondary school phase and discover that they are not qualified to go to university.

At the same time pupils and students will realise that when they choose courses in accordance with aptitude, interest and ability, higher standards of work can be expected of them; and teachers and lecturers will have to be both motivated and qualified to meet these higher standards in their teaching. Taking everything into account, one finds that there can be no question of the work becoming "easier"; on the contrary, all the parties concerned will have to show real dedication, intelligent understanding and expert qualifications.

9.
We have already said that it might happen that the personal and the

national aspects of the system of differentiated education cannot be properly correlated. Supposing that at a given stage a country has a great need of young people qualified in technical fields, but that the majority of its pupils are interested in other fields - one cannot then surely force young people into technical fields, and in this way simply accept the dangerous consequences of a wrong choice of course.

In actual practice this is not the problem it seems. Pupils are very seldom suited for one specific course only, so that the possibility of different (related) courses could be considered, which is quite possible within the framework of the variety of fields mentioned in the Minister's announcement. In addition, we find that society as a rule shows a balanced distribution in the spiritual composition of its youth; and also that a great volume of needs does not arise suddenly. With the necessary planning this problem could, therefore, be coped with within the pattern of differentiated education.

10.
In conclusion we have to remember that the fundamental principles of differentiated education - as we have observed in connection with the personal and the national facets - cannot be divorced from one another, and that together they constitute one total whole or unit. This type of education is simply not conceivable if the deeper personal characteristics of pupils and the needs of the country are not taken into account, nor if a proper system of guidance and a definite policy for carrying it out on a national basis, are lacking. We are dealing with the cogs of one and the same machine; if one of the cogs is damaged, the whole machine will be disabled.

11.
However, we firmly believe that the machine has been set in motion and that it will not easily be brought to a standstill. Our country is badly in need of differentiated educated^{ion}. It is indeed a cheerful sign that all the parties concerned have accepted their responsibility with a singularity of purpose that augurs well for the future. It is especially pleasing to

note that our Provincial Education Departments, who shoulder at this stage the lion's share of the responsibility, have not only clearly identified the fundamental principles, but are also actively engaged in giving meaningful practical significance to these principles.

The time immediately ahead of us will make heavy demands on all South Africans. We are, however, approaching the future with confidence; and we have reason to be confident, provided inter alia that we make the best possible use of the system of differentiated education, which has now in a very real way become official, practical policy in this country.

Not merely an interesting new theory; I maintain it has now become a practical, meaningful way of life in our schools and in many other educational institutions.

Dank vir verveelk.

Gelukkig. Adm. v. Kleurlingsake - Ouderwys
aktueel, veral gediff. ond. - wat
ek kon deelneem.

Driejaarlikse Inspek.-konf. - sentelyeleenth.

Ons gebied: Drie Ouderwys - Griekse
spreuk (Opr. in sieraad in voorsped
en in toevlug in teensped).

My onderwerp - Lyke ook Engels: Founda-
tions.

Good-natured humour: Oscar Wilde
(rogues), Mark Twain (I have
never let my schooling interfere
with my education)

And yet: most important, and
all know that. A means in the
hands of parents and the State.

Therefore Milton: The childhood shows the man,
As morning shows the day!

Re Conference: exchange of views, discussion,
questions. - make notes where
necessary, and let us come
back to the relevant points.

[Text in Afr.; ~~a few~~ ~~of~~ ~~the~~ ~~text~~ shall, however, deliver
second half in Eng.]